VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

18 April	**Dup du Plessis,** Wyk 5
20 April	**Annatjie Coetzee, (89)** Wyk 8
	Gert van Blerk, (82) Wyk 5
21 April	**Elmienke Bisschoff, (3)** Wyk 19
	Carma van Niekerk, Wyk 3
	Stephanus Viljoen, (1) Wyk 16
23 April	**Koos Nortjé,** Wyk 20

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGMIDDAG
29 April 2022

Ons kuier gesellig saam vanaf 16:00 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5. Worsbroodjies R 25**

Wit olifantverkoping

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die Redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 24 April** tussen 07:45 en 08:00 uitgesaai. Lidmate kan daarna luister op Pretoria FM104.2 MHz/106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 12 Sondag 17 April 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan om 15:30: Ouderling wyk 17 **Kobus Mentz** en wyk 18 **Piet Aartsma.**
Diaken: Wyk 17 en Wyk 18 **Pieter Bouwsema.**

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Woordbediening: Markus 16:1-8 (AFR'20).
Fokusvers: Markus 16:1-8. **Sang voor die erediens:** Psalm 48:1, 4.
TEMA: ***"Die opstanding van Jesus Christus gee hoop en vrede in alle omstandighede."***
Sang tydens die erediens: Psalm 48: 5; Psalm 112: 1, 4 (melodie Skrifberyming 5), Psalm 119: 9, 19, 39; Psalm 18:3, 13, 20.

AAND Woordbediening: Openbaring 1:9-20 met verwysing in die Woordbediening na Openbaring 2 en 3 (AFR'20).
Fokusverse: Openbaring 1: 12b - 13a.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 29.
TEMA: ***"In die ware kerk is Christus die enigste Hoof en die ware lidmate word deur Hom regeer, versorg en opgebou."***
Sang voor die erediens: Skrifberyming 75: 1, 2, 3, 4. (Tema15-1)
Sang tydens die erediens: Psalm 45: 1, 2, 9, 10, 16;
Skrifberyming 38: 1 (Tema15 – 2); Skrifberyming 43: 4, 5 (Tema15 – 7).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Die Kerkblad*** die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi).*

Ds Pieter van der Walt emeritus predikant van GK Bethlehem lei vanmiddag se diens by Huis Eikelaan om 15:30.

LIEF EN LEED

Ons is saam met **Frans Coetzee** dankbaar dat 'n tweede operasie wat hy in Johannesburg sou moes ondergaan, nie nodig was nie. Hy sterk tuis aan ná die galblaasoperasie wat hy 'n week of wat gelede ondergaan het. Ons bid hom 'n spoedige en volkome herstel toe.

Mandie de Klerk het Donderdag 'n prosedure in Johannesburg ondergaan wat dit moontlik sal maak dat die gereelde dialise wat sy moet ontvang, via haar arm gedoen kan word. Ons verseker Mandie van ons voorbidding vir haar en dat ons Here haar met sy goedheid sal omgewe.



May Vorster het die afgelope week 'n prosedure in Medikliniek ondergaan waartydens 'n poort ingesit is vir die chemo-terapiebehandeling waarmee sy binnekort sal begin. Daarná het sy 'n prosedure in Klerksdorp ondergaan vir pynverligting. Ons verseker May en André van ons volgehoue voorbidding vir hulle.

Ons doen voorbidding vir **Elsie Buys** wat DV Dinsdag (19 April) weer ondersoeke in die Zuid-Afrikaanse hospitaal moet ondergaan. Mag u en Peet met hierdie besoek ook die troosvolle nabyheid van ons Vader beleef en mag Hy aan u ook met die oog op die ondersoek vrede gee.

VAN ONS KERKRAAD

Belangrike datums om te onthou

Vr	29/04	16:00	Gemeente-aand en Hamburgerbraai en WIT OLIFANTVERKOPING	Kerkterrein
So	8/05	19:00	Ouderlinge: vergadering Diakonie: vergadering	Ou Kerkie Konsistorie
So	15/05	19:00	Ouderlinge- en diakonievergadering	Ou Kerkie

Katkisasie

Die katkisasiewerksaamhede hervat DV op **24 April met Les 9**. Die graad 1 en 2 groep memoriseer **artikel 9** van die Apostoliese Geloofsbelydenis en die graad 3 – 6 katkisante **Sondag 36** van die Heidelbergse Kategismus. Alle katkisante memoriseer **Psalm 38:1** in geheel. Daar sal op **20 April om 15:30 katkisasie** in die Ou Kerkie wees. Ons begin met hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls en die geskiedenis van Rut word behandel.

Katkisasie

Wo	20/04	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Ou Kerkie

Dagboek

So	17/04		PAASSONDAG	
Ma	18/04		Gesinsdag	
Di	19/04		Huisbesoek	Volgens afsprake
Wo	20/04	Oggend	Huisbesoek	Volgens afsprake
		15:30	Hoërskoolkatkisasie	Ou Kerkie
		18:00	Bybelstudie Daniël 11	Jeuglokaal
Do	21/04	09:30	Bybelstudie Handelinge 10: 34 – 11:18	Konsistorie

 Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

WIT OLIFANTVERKOPING

Die bestuur van die Susters beplan om op **Vrydag 29 April 2022** vanaf 16:00 'n **wit olifantverkoping** te hou. Dit val saam met die **Diakonie se Hamburger-verkoping en Gemeente-aand**. Lidmate wat artikels het wat nie meer benodig word nie kan dit na die kerksaal bring om dan daar ten bate van die Susterskas verkoop te word.

Let wel goedere wat nie die middag verkoop word nie moet asseblief deur die skenker teruggeneem word en kan dalk by 'n volgende geleentheid weer te koop aangebied word. Die Susters het nie stoorruimte daarvoor nie.

Ons vra lidmate se vriendelike aandag vir hierdie saak.

Die tesourier van die Susters sal later 'n verslag opstel met besonderhede van finansiële skenkings wat deur die Susters aan verskillende instansies gemaak is.

Vir enige navrae in verband met die **wit olifantverkoping** skakel met Sonja Venter